# SPEAK LIFE I: The conversation between you and God

***Our first conversation before we open our mouths must be a silent one with God...***

## Saambid

Begin hierdie bybelstudie bietjie anders deur eers saam te bid

- **Dankie sê:** Gee vir elkeen kans om vir die Here dankie te sê vir net een saak
- **Belydenis:** Gee vir elkeen kans om een saak te bely – *as julle vrymoedigheid het, hardop, anders in stilgebed – dit bied elkeen die kans om baie eerlik te wees (onthou: die Here weet in elke geval wat dit is)*
- **Voorbidding:** Gee vir elkeen kans om vir die Here te vra vir net een saak

## Saamlees

**Lees Lukas 3:21-22 en 4:1-13, 14-15, 22, 31-32**

- **Wat tref julle oor die impak wat Jesus se woorde het... op ander mense,**

  **op sy vyand,**

  **op sy verhouding met sy Vader.**

## Saampraat

**Ons woorde het ongelooflike krag**. Elke woord wat ons sê beinvloed onsself en ander mense. Ons mag nooit die effek wat dit het onderskat nie.

Dink maar net aan die effek van dit wat ander al vir jou gesê, jou seergemaak het met moontlike onsensitiewe woorde (en dalk dit impak van jou woorde op ander). **Gee vir elkeen in die groep kans om hieroor te dink... dit dalk neer te skryf...**

**Ons mag glo dat God nog steeds met ons wil praat** omdat hierdie verhouding vir Hom belangrik is**.**

**Gesels saam oor hoe ons kan onderskei of iets van God af kom of hoe ons weet dat God praat.**

*(in Bybel, deur ervaring, oortuiging in harte gewete, raad van ander gelowiges, gebed)*

**Die uitdaging vir ons is om in te skakel -** (die voorbeeld van 'n radio wat "*inge-tune*" moet word – ons doen moeite omdat ons weet die stasie is daar, het dit al in die verlede gekry...)

**Hoekom is dit vir ons moeilik om werklik ingeskakel te wees op God en hoekom dink julle sukkel ons om God te hoor?**

(*Twyfel aan God se krag, en teenwoordigheid;*
*Ander stemme skree harder vir ons tyd en aandag;*
*Steun meer op ons eie krag en vermoë;*
*Sonde en ongehoorsaamheid in ons lewens maak ons doof)*

**Hoe skakel ons in?** Ons moet van voor af aanleer om baie meer gereeld met God te praat. Die volgende riglyne kan ons hiermee help:

1) Probeer om voor en in elke gesprek net **'n kort skietgebed** op te stuur. Vra bv:
   a. *Here, wat is in U gedagtes hieroor?*
   b. *Wat wil U hier doen?*
   c. *Wat kan ek sê wat volgens U wil gaan wees?*
   d. *Wat kan ek sê wat in hierdie gesprek lewe gaan bring, gaan opbou, hoop gaan gee?*
   e. *Here, gee my wysheid, kalmte, geduld in hierdie gesprek...*

2) Daar is 'n punt waar **ons kan ophou om ander (en onsself) met woorde seer te maak**... daar is 'n punt waar ons kan begin leer om na God se stem te luister... ons tonge in toom kan hou. Ons **kan beter word met woorde**, om gesond te maak, te bemoedig en te versterk.

3) **Wees eerlik oor wat jou doel is met die gesprek.** Kan nie wees om myself te handhaaf nie – "ek wil reg wees"- ons het eerder die kans om met elke gesprek **my verhouding met die Here te verdiep**. Dit is belangriker as om reg te wees en om die argument te wen.

GROOT UITDAGING VIR DIE WEEK: ***Our first conversation before we open our mouths must be a silent one with God...***

## Afsluiting

**Bid weer saam en vra die Here om julle met hierdie week se challenge/uitdaging te help...**